



## In u hande gee ek my lewe oor

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***“I wish it need not have happened in my time,” said Frodo. “So do I,” said Gandalf, “and so do all who live to see such times...”*** Dit is die eerste woorde uit 'n bekende toneel van die *Lord of the Rings*-trilogie wat deur JRR Tolkien geskryf is. Frodo spreek hierdie versugting uit teenoor Gandalf omdat dit op sy (Frodo) se skouers geval het om die boosheid van sy tyd te beëindig.

Daar is baie mense wat te midde van die koronavirus-pandemie nou hierdie versugting het en wens dat die spreekwoordelike beker hulle kon verbygaan: presidente wat leierskap moet toon; staatsamptenare in departemente van gesondheid, vervoer, sekuriteit, landbou, finansies en onderwys wie se teoretiese beleide nou in die praktyk getoets word; die atlete wat op pad was na die Olimpiese Spele. Die lys is eindeloos: die motorwag by die winkelsentrum; die een wat onder 'n kombers in die hoofstraat slaap; die een wat nie weet waar die volgende brood vandaan gaan kom nie; en die een wat geliefdes wat besig is om te sterf, nie kan bystaan nie.

Daar bestaan by baie die hoop dat alles “normaal” sal wees as ons net deur hierdie krisis kan kom. Die waarheid is egter dat dinge vir baie lank hierna nie normaal gaan wees nie. Die wêreld gaan bly draai – maar dit sal 'n wêreld wees wat anders lyk. Daarom is die vraag eerder *Wat is “normaal”?* Ons behoort versigtig te wees vir verbete pogings om “die normale” in stand te hou. Die waarheid is dat ons onself altyd in 'n teenstrydige en uitdagende “tyd” bevind. Hoe benader ons “tyd”? Meestal benader ons dit met uiterstes: Ons wens tyd sal stadiger verbygaan, of ons wens dat dit vinniger verbysnel. Eintlik is tyd 'n konstruksie, want die kalender wat ons lewens beheer, is 'n mensgemaakte een.

Maar dit is nie al “tyd” wat daar is nie. Tyd is in werklikheid die manier waarop ons betekenis toeken. Dit is die afbakenings van ons herinneringe en oomblikke wat gevul word met lewe. Dit is die manier waarop ons “begin” en “einde” meet. Ons besluit waarmee om die tyd *tussen* begin en einde te vul en watter betekenis om daaraan toe te ken. Nadat Gandalf sy eie versugting uitgespreek het oor die tyd waarin hy hom bevind, sê hy verder: *All we have to decide is what to do with the time that is given us.*

Inderdaad. Net voordat Jesus sy asem aan die kruis uitblaas, sê Hy: *Vader, in u hande gee Ek my gees oor.* In u hande gee ek my *tye* oor. In u hande gee ek my *lewe* oor. Die afgelope paar oggende wanneer ek wakker word en ek in daardie tussenstaat van die bewuste en die onbewuste is, het hierdie woorde telkens uit my diep binneste opgeklank. Ek dink dit is geloof. Dit is opstandingsgeloof. Dis die geloof wat perspektiefverandering meebring en vir ons die energie gee om hierdie tyd – alle tyd – met betekenis te vul.

*Ek weet aan wie ek my toevertrou het – al wissel dan ook dag en nag.  
Ek ken die Rots op wie ek gebou het – van wie ek al my heil verwag.  
En aan die einde van my lewe, sal ek van sorg en moeite bevry,  
vir al die dae my hier gegewe, Here, aan u my dank- en loflied wy.*

**Dr Tanya van Wyk, Universiteit van Pretoria**

## Lief en leed

- **Prof Bieks Beukes** (emeritus) het op 31 Maart die volgende geskryf: “Ons is **verslae maar nie verslaan nie**. My broer Hannes en sy vrou, Ibel, is vermoor. Ek huil. My vrou, Monica, huil. Almal wat hulle geken het, huil. Ek het baie geliefdes afgestaan aan die dood, maar hierdie is anders. My boetie en sy vrou is vermoor. Die realiteit van moord wat nog nooit so naby aan ons gekom het nie. Trane, hartseer, woede, vrae, verlatenheid, en die ergste – ’n onbeskryflike pyn wat voel of my hart uitmekaar skeur. Boodskappe kom van oral. Besoeke. Hannes en Ibel was geliefd. Hulle was ouers, broer, kollega, vriend, predikant, onderwyser van formaat, en hul lewens het gesprek van empatie en integriteit. Niemand sal weet wat in hul laaste oomblikke gebeur het nie. Die woorde van Totius kom in my gedagtes op en ek roep uit: *O die pyngedagte, my broer en sy vrou is vermoor!* Ek dink aan hul kinders. Corne, lankal verongeluk. Andries, Marlise en Evan met hul families in die buiteland. Naas die verskriklike hartseer ook nog die magteloosheid dat ons nou met die koronavirus mekaar nie kan vashou, vertrous en begrafnis hou nie.



Gedagtes aan wonderlike kinderjare saam met Hannes, Wilco, Pieter en Rina wat reeds dood is, maal die heelyd in my gedagtes. Baie werk saam in die Kerk. Hierdie gedagtes laat my beter voel, maar troos nie werklik nie. Soos wat ek worstel, bring die Here troos. Ek bly mens, en my hart is bitter seer, maar vanuit Jesus se kruisdood begin ek met ’n ander oog kyk. Ek kry genade om weg te kyk van die verskriklike ang, pyn en hel waardeur Hannes en Ibel moes gaan. Soos Paulus ontvang ek genade om op te kyk. Op te kyk na die kruis. By Jesus deur die Heilige Gees vind ek opnuut die versekering dat God waarlik lief is vir sy kinders. Daar vind ek die krag en die troos om te kan aangaan. Die sekerheid dat niks ons kan skei nie van die liefde van God wat daar in Jesus Christus deur die Heilige Gees is. Ons gaan nog baie huil en verlang. Ons weet egter dat – soos vir Ibel en Hannes – ons enigste troos is dat ons aan Jesus Christus behoort.” (*Skrywe verkort*)

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 April, en word hartlik geluk gewens:**

- Vrydag 10 April: Dr A (Annette) Potgieter (beroepafwagting) en ds SW (Schalk) Zastron (Goudveld/Kroonstad)
- Saterdag 11 April: Ds G (Gys) van R Els (emeritus)
- Sondag 12 April: Ds JP (Paul) Janse van Rensburg (emeritus)
- Maandag 13 April: Prof AJ (Alex) Antonites (emeritus), di CB (Nardus) Enslin (Rustenburg-Kloof) en GPJ (Gerrie) Grobler (emeritus)
- Dinsdag 14 April: Dr PJ (Pierre) Jacobs (Gaborone), di JZ (Hans) Britz (Kathu/Kuruman/Upington), R (Rue) Hopley (Pretoria-Oos) en JP (James) Jooste (emeritus)
- Woensdag 15 April: Ds WH (Wessel) Swart (emeritus)
- Donderdag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (ADV)
- Vrydag 17 April: Ds J (Joleen) Marx (Welgelegen-Pietersburg)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Argentinië:** Vra voorbidding vir hul vertalingsprojekte asook vir die ontwikkeling van nuwe inisiatiewe om Bybelbetrokkenheid te bevorder.
- **Uruguay:** Hulle het behoefte aan voorbidding vir hul Bybelvertaling in Gebaretaal en hul projek wat gemik is op jongmense wat in armoede grootword.
- **Bolivia vra:** Bid vir wysheid rakende die beste strategie om die Woord van God na die mees afgeleë dele van ons land te bring. Bid ook dat die owerhede nie wette in plek sal stel wat teenstrydig is met die Woord van God nie. Bid asseblief vir die slagoffers van geweld.



Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.

## Gemeentes en bediening

- **GLOmedia.tv** is 'n inisiatief vanuit die Afrikaanse kerkgemeenskap wat Christelike kykstof in Afrikaans skep en beskikbaar stel. Die Afrikaanse kerke speel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse gemeenskap, maar daar is min kykstof van uitsaaigehalte op die internet. Hoewel daar 'n intekenfooie van R49 per maand betaalbaar is vir toegang tot die volle inhoud van die platform, het die direksie van GLOmedia.tv besluit om nou in die grendeltyd gratis kykstof beskikbaar te stel. Dit sluit in dagboodskappe, eredienste en Bybelverhale vir kinders. Dis **gratis beskikbaar** op [www.glomedia.tv](http://www.glomedia.tv).
- **Dr PL (Piet) Steenkamp** (emeritus) is beroep na Newcastle (deelyds). Hy het die beroep aanvaar.
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by [wilred6@gmail.com](mailto:wilred6@gmail.com) of die kerkkantoor by [nhgbw@lantic.net](mailto:nhgbw@lantic.net). Meer inligting sal later volg.



Dr Piet Steenkamp

## Kerklike publikasies

**Handleiding vir geloofsgesprekke**  
R100 (versending uitgesluit)

*Dis nét genade: Geloof kan berge versit* is die NHKA se splinternuwe handleiding vir volwasse kategese.

Bestel by [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za)

## Barmhartigheid

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

## 'n Gedig

die nag het ver gevorder  
en dis amper dag

die nanag druis verby  
met onrustige honde wat voor die venster blaf  
met hadidas se skreeuende fluite  
van treine passing in the night.  
die nag strek blykbaar sonder einde  
en drome val van mens se oë af  
nes water van die eend se rug. o  
om weer te kan slaap somer so uitgelei  
te word na waters waar rus is buite.  
nou druis die nag met al sy swart  
al jare lank in teen die droom  
en net die paddas nuttelose kwakers  
blootgestel aan slange voëls of kinders  
wat met rek of klip kom boer by waters  
klink soms bo die dreuning uit.  
ons weet dié nag moet afloop iewers  
uitloop aan sy sanderige ure.  
die nuwe son sal nuwe vergesigte toon.  
ons sal oplaas kan ophou wag  
wag wag wagter op die heil'ge mure wanneer  
wanneer breek die dag?

**Fanie Olivier**  
(Uit: *Skimmellig*, 1978)

## Allegaartjie

“Alles waaraan ons gewoon was, is van ons weggevat. En ek glo dis met 'n rede. Ek weet dis 'n virus en die wetenskaplikes sal vir jou sê: Dis hoe dit werk, pas jouself op, isoleer jouself, en alles. Maar ek kan nie help – ek wat Amanda is – om die spirituele hierin te sien nie. Waarheen is die wêreld op pad? Hierdie planeet? Dit was so nodig gewees, nou. Vir my as bipolar mens, waar balans die belangrikste ding is in my lewe ... balans ... hou dit reg, gebalanseerd, anders verval jy in die donker of jy dans té naby aan die vlam, en jy brand. Die balans op ons planeet is heeltemal, heeltemal omver gegooi. Die reënwoede, hoe kán mense nog aardverwarming bevraagteken, ons stuur af op selfvernietiging.” (Amanda Strydom, *Rapport* 29 Maart 2020)

## Toerusting

- **Akademiese konferensie: Bybelgenootskap 200**  
**Donderdag 23 Julie**

Ter viering van die 200-jarige bestaan van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika, sowel as 'n vooruitskouing vir die bekendstelling van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* in November 2020, organiseer die Teologiese Skool Potchefstroom in samewerking met die Fakulteit Teologie van die NWU hierdie konferensie.

**Tema:** *Die impak van die Bybel in ons samelewing: verlede, hede en toekoms.*





**Lokaal:** Geboue van die Fakulteit Teologie en die Teologiese Skool Potchefstroom.

### Subtemas

- Bybelvertaling in Suid-Afrika en/of Afrika.
- Bybelinterpretasie in die Suid-Afrikaanse konteks.
- Die impak van die Bybel in die samelewingstrukture (byvoorbeeld kuns, wetenskap, letterkunde, politiek, onderrig) en geloofsgemeenskappe.

### Programinligting

- Akademiese konferensie 23 Julie (R100 – sluit verversings en Donderdag se middagete in).
- Dinee 23 Julie (R110 – bespreking en betaling noodsaaklik teen 15 Julie).
- Toeligtingsessie deur die eindredaksie van die *Bybel: Direkte Vertaling* 24 Julie (R90 – sluit verversings en Vrydag se middagete in).
- Fietsrit en toeligting: Vanaf die Totiushuis na Krugerskaal 25 Julie (gratis).

**Registrasie vóór/op 15 Julie 2020 by [elsabe.labuschagne@nwu.ac.za](mailto:elsabe.labuschagne@nwu.ac.za).**

- **Brugbedieningskursus by UP**

**Week 1: 27-30 Julie**

**Week 2: 9-12 November**

Kursusleier: Prof Malan Nel

Koste: R2 500 (BTW ingesluit)

Plek: UP

Kursuspunte: 70

Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)

**Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.**

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkopoggend**

**Saterdag 18 April vanaf 10:00**

120 skaapkoppe beskikbaar teen R400 per kop

Sluit in snybord en sakmes

80 gewone ontbyte teen R100 elk

Kontantkroeg beskikbaar

Gaskunstenaar

Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754

Belinda 076 626 7571

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**

**Saterdag 23 Mei**

Gesinspretdag en windbukskompetisie

Wen besondere mes – kaartjies R30 elk

Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem

Wenner word aangekondig op dié dag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**

**Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000**

Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies

Maak wins van 75% of 50%

Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie

1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid

Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag

18 Augustus by Silver Lakes

**Meer inligting:** Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / [gsdebeer@gmail.com](mailto:gsdebeer@gmail.com))

Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / [andries@rata.org.za](mailto:andries@rata.org.za))

Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

### Gebed vir die week

O God, U is my God, ek wil naby U wees.  
Ek verlang na U hier in 'n droë land,  
hier is nie water nie,  
en alles kry swaar om te lewe.  
Ek het in die tempel na U gekyk,  
en ek het gesien dat U sterk is  
en dat U die Koning is.  
Ek wil dit nou ook weer sien.  
U doen wat U belowe, en dit is beter as die lewe self.  
Daarom wil ek U prys.  
So sal ek vir U dankie sê so lank soos ek lewe,  
ek sal my hande uitsteek na U toe  
en ek sal u Naam sê.  
Dit sal vir my lekker wees, so lekker soos 'n fees-ete,  
wanneer ek sing en U prys.  
Wanneer ek aan U dink hier op my bed,  
wanneer ek die hele nag oor U lê en dink,  
dan onthou ek dat U my altyd gehelp het  
en my beskerm het soos 'n hen haar kuikens beskerm.  
En dan sing ek weer.  
Ek wil naby U bly,  
U hou my regop met u sterk hand.

**Psalm 63: 2-9**  
(Die Bybel vir Doves/Alma)